



# Warmbad skou HALTERMAK SKOU PAKKET

## 2018

Die Brahman Beestelersgenootskap van SA

Tel: 051 446 4619

Faks: 051 446 3148

E-pos: [info@brahman.co.za](mailto:info@brahman.co.za)

Web: [www.brahman.co.za](http://www.brahman.co.za)

## AMPTELIKE 2018 SKOUKLASSE

- Raadpleeg asseblief die Algemene Reëls op bl. 5
- Volgorde van beoordeling: Groepe, Vroulik en Manlik.
- Die voorgestelde inskrywingsvorm word ingesluit.
- Afsnydatum vir die bepaling van ouderdom is 1 Augustus 2018.

Klas		<b>GROEPKLASSE</b>
Rooi/ Wit		
1 2	Moedernageslag: Groep van twee diere, die nageslag van een koei, onder die ouderdom van 60 maande geteel en in besit van die vertoner. Die moeder word nie vertoon nie.	
3 4	Vadernageslag: Groep van vier diere, die aantel van een vader, onder die ouderdom van 60 maande, verteenwoordigend van albei geslagte, geteel en in besit van die vertoner. Die vader word nie vertoon nie.	
5 6	Drie koeie of verse onder 60 maande, geteel en in besit van die vertoner.	
7 8	Drie bulle onder 60 maande, geteel en in besit van die vertoner.	
9 10	Paar, manlike en vroulik dier tot en met 60 maande, deur die vertoner geteel en in besit van die vertoner.	
11 12	Groep van vyf diere, tot en met 60 maande, verteenwoordigend van beide geslagte, geteel en in besit van die vertoner.	

## ***VROULIKE DIERE***

- |       |   |
|-------|---|
| 13 14 | Vers 8 tot 10 maande.   |
| 15 16 | Vers 10 tot 12 maande.  |
| 17 18 | Vers 12 tot 15 maande.  |
|       | <b>Kampioen Verskalf rooi</b> (Klasse 13, 15,17)              |
|       | <b>Kampioen Verskalf wit</b> (Klasse 14, 16,18)               |
|       | <b>Reserwe Kampioen Verskalf rooi</b> (Klasse 13, 15,17)      |
|       | <b>Reserwe Kampioen Verskalf wit</b> (Klasse 14, 16, 18)      |
| 19 20 | Vers 15 tot 18 maande.  |
| 21 22 | Vers 18 tot 21 maande.  |
| 23 24 | Koei of vers 21 tot 24 maande.                                |
|       | <b>Intermediêre Kampioen Vroulik rooi</b> (Klasse 19, 21, 23) |
|       | <b>Intermediêre Kampioen Vroulik wit</b> (Klasse 20, 22, 24)  |

**Reserwe Intermediêre Kampioen Vroulik rooi** (Klasse 19, 21, 23)  
**Reserwe Intermediêre Kampioen Vroulik wit** (Klasse 20, 22, 24)

**Klas**  
**Rooi / Wit**

25 26 Koei of vers 24 tot 28 maande.

27 28 Koei of vers 28 tot 32 maande.

29 30 Koei of vers 32 tot 36 maande.

**Junior Kampioen Vroulik rooi** (Klasse 25, 27, 29)

**Junior Kampioen Vroulik wit** (Klasse 26, 28, 30)

**Reserwe Junior Kampioen Vroulik rooi** (Klasse 25, 27, 29)

**Reserwe Junior Kampioen Vroulik wit** (Klasse 26, 28, 30)

31 32 Koei of vers 36 tot 42 maande.

33 34 Koei of vers 42 tot 48 maande.

35 36 Koei 48 tot 60 maande.

37 38 Superkoei: Minstens 3 kalwings, maksimum TKP 390 dae. Reproduksie (kalwings per ouderdom) tel 60% en boordelaarspunte 40%. Neem nie deel aan kampioenskap nie.

**Senior Kampioen Vroulik rooi** (Klasse 31, 33, 35, 37)

**Senior Kampioen Vroulik wit** (Klasse 32, 34, 36, 38)

**Reserwe Senior Kampioen Vroulik rooi** (Klasse 31, 33, 35, 37)

**Reserwe Senior Kampioen Vroulik wit** (Klasse 32, 34, 36, 38)

**Ras Kampioen Vroulik rooi** (Alle KAMPIOENE, uitgesluit die Reserwe Kampioene)

**Ras Kampioen Vroulik wit** (Alle KAMPIOENE, uitgesluit die Reserwe Kampioene)

**Reserwe Ras Kampioen Vroulik rooi** (Slegs die Reserwe Kampioen van die Kampioen aangewys kom ook nou in aanmerking)

**Reserwe Ras Kampioen Vroulik wit** (Slegs die Reserwe Kampioen van die Kampioen aangewys kom ook nou in aanmerking)

## ***MANLIKE DIERE***

39 40 Bul 8 tot 10 maande.

41 42 Bul 10 tot 12 maande.

43 44 Bul 12 tot 15 maande.

**Kampioen Bulkalf rooi** (Klasse 39, 41, 43)

**Kampioen Bulkalf wit** (Klasse 40, 42, 44)

**Reserwe Kampioen Bulkalf rooi** (Klasse 39, 41, 43)

**Reserwe Kampioen Bulkalf wit** (Klasse 40, 42, 44)

**Klas**

Die Brahman Beestelersgenootskap van SA

**Rooi / Wit**

45 46 Bul 15 tot 18 maande.

47 48 Bul 18 tot 21 maande.

49 50 Bul 21 tot 24 maande.

**Intermediêre Kampioen Manlik rooi** (Klasse 45, 47, 49)

**Intermediêre Kampioen Manlik wit** (Klasse 46, 48, 50)

**Reserwe Intermediêre Kampioen Manlik rooi** (Klasse 45, 47, 49)

**Reserwe Intermediêre Kampioen Manlik wit** (Klasse 46, 48, 50)

51 52 Bul 24 tot 28 maande.

53 54 Bul 28 tot 32 maande.

55 56 Bul 32 tot 36 maande.

**Junior Kampioen Manlik rooi** (Klasse 51, 53, 55)

**Junior Kampioen Manlik wit** (Klasse 52, 54, 56)

**Reserwe Junior Kampioen Manlik rooi** (Klasse 51, 53, 55)

**Reserwe Junior Kampioen Manlik wit** (Klasse 52, 54, 56)

57 58 Bul 36 tot 42 maande.

59 60 Bul 42 tot 48 maande.

61 62 Bul 48 tot 60 maande

**Senior Kampioen Manlik rooi** (Klasse 57, 59, 61)

**Senior Kampioen Manlik wit** (Klasse 58, 60, 62)

**Reserwe Senior Kampioen Manlik rooi** (Klasse 57, 59, 61)

**Reserwe Senior Kampioen Manlik wit** (Klasse 58, 60, 62)

**Ras Kampioen Manlik rooi** (ALLE KAMPIOENE, Reserwe Kampioene uitgesluit)

**Ras Kampioen Manlik wit** (ALLE KAMPIOENE, Reserwe Kampioene uitgesluit)

**Reserwe Ras Kampioen Manlik rooi** (Reserwe Kampioen van die Kampioen kom ook nou in aanmerking)

**Reserwe Ras Kampioen Manlik wit** (Reserwe Kampioen van die Kampioen kom ook nou in aanmerking)

63 64 BLUP KAMPIOEN en Reserwe: Verleen erkenning aan Manlike diere wat in albei genetiese prestasie (teelwaardes – BTW) en voorkoms uitblink.

**Inskrywing deur Genootskap.**

Alle Manlike diere tussen die ouderdom van 12 en 36 maande word outomaties ingeskrywe. Die wenners by die Thabazimbi/Bela-Bela, Vryburg, Royal, Lichtenburg en Windhoek skoue (*ten minste 10 bulle*)

*moet vertoon by elke skou om te kwalifiseer vir die Beedplan Klas) sal in aanmerking kom vir die 2017 BREEDPLAN / Landbou Weekblad BLUP SKOUBUL van die Jaar.*

- 65 66 Breedplan Vroulike dier: Verleen erkenning aan vroulike diere wat in albei genetiese prestasie (teelwaardes -- BTW) en visuele voorkoms uitblink.

**Inskrywings deur Genootskap:**

Alle vroulike diere tussen die ouderdom van 18 en 36 maande word outomaties ingeskrywe. Plasing geskied op grond van voorkoms (50%) en teelwaardes (50%).

**Punte toekenning aan vertoners:**

Groep klasse: 1ste = 6 punte, 2de = 5 punte en 3de = 4 punte.

Individuele klasse: 1ste (6), 2de (5), 3de (4), 4de (3), 5de (2) en 6de (1).

Kampioene: 6 punte elk.

Reserwe Kampioene: 4 punte elk.

## **ALGEMENE REËLS**

### **1. Amptelike Brahman Skou Katalogus**

'n Katalogus met jongste amptelike besonderhede sal aan 'n skou voorsien word mits:

- (i) die ingeslote amptelike inskrywingsvorm ten minste een maand voor die beoordelingsdatum per faks of e-pos aan die Brahman kantoor voorsien is;
- (ii) die afsnydatum vir die berekening van die ouderdomme vir elke klas moet wees op die eerste dag van die maand waarin geskou word en aan die Brahmankantoor voorsien word;
- (iii) **Individuele Klas inskrywingsfooie R150 (BTW uitgesluit)**  
**Groep Klasse inskrywingsfooie R150 (BTW uitgesluit)**
- (iv) **Veilingsdiere betaal ook R150 (BTW uitgesluit) om te kan skou.**
- (v) **Alle diere aangebied op die veiling moet geskou word.**
- (vi) geen inskrywingsgeld sal terugbetaal word na afsnydatum nie. Brahman Bankrekening, Standard Bank, Rekening nommer 0411 76871, takkode 055534;
- (vii) inskrywingsgelde is betaalbaar met registrasie aan die Brahman Beestelersgenootskap.

### **2. Nie-amptelike katalogus**

Indien die skou self die katalogus saamstel MOET die volgende op die voorblad verskyn: "Besonderhede nie deur die Brahman Genootskap gekontroleer nie".

**3. Beoordelaars**

Word deur die Brahman Genootskap aangestel. Besonderhede sal vroegtydig aan die skoukomitee voorsien word. Die skakelpersoon by die Genootskap is Sietze Smit 083 712 9965 of die Brahmarkantoor.

**4. Halters/neusringe**

Alle manlike diere 15 maande en ouer, moet aan 'n neusring gelei word.

**5. Identifisering en eienaarskap**

Geen dier sonder amptelike oor tatoëring en, indien ouer as 15 maande, amptelike brandmerk, sal in die ring toegelaat word nie.

Indien 'n aangekoopte dier tydens katalogus samestelling nog nie amptelik aan die vertoner oorgedra is nie sal die dier onttrek word.

**6. Skou Genootskap reëls**

Uitstallers moet voldoen aan alle Veeartsenykundige Regulasies, vervoer permitte en ander skousake. BM en TB sertifikate moet by aankoms van diere beskikbaar wees.

**7. Rooi en Wit klasse**

Indien meer as 30 rooi of wit Brahmane ingeskryf is, MAG wit en rooi apart beoordeel word.

**8. Haltermak en nie-haltermak**

**Geen dier mag by dieselfde skou in beide die haltermak en die NIE-HALTERMAK deelneem nie.**

**(a) Geen dier wat ingeskryf was by 'n haltermak skou, mag ooit weer in die nie-haltermak skou, vertoon word nie.**

**(b) 'n Vertoner mag verskillende diere vertoon in die haltermak en nie-haltermak klasse by dieselfde skou.**

**9. Dragtigheid en vrugbaarheid**

Reproduksie:- Dat alle verse ouer as 32 maande moet dragtig gesertifiseer wees, en/of reeds gekalf het. (Die kalf moet vertoon word) Verse tussen die ouderdom 28 – 32 maande wat dragtig gesertifiseer is, sal tot haar voordeel in die beoordeling van die klas wees.

1.3.1 Dit is nie 'n vereiste dat Verse tussen 24-28 maande dragtig gesertifiseer is nie.

**10. Kalldatums**

## Die Brahman Beestelersgenootskap van SA

Alleenlik kalfdatum (geboortekennisgewing) wat by die kantoor ingedien is ten tye van katalogus daarstelling, sal geld. Spoelings word gehanteer volgens amptelike 'Skedule O' sertifikate wat ingedien is.

### **11. Kalwers**

'n Koei sonder 'n kalf en wat nie dragtig is nie, word nie beoordeel nie

### **12. Nat en Droë klasse**

Nat en droë klasse word saam beoordeel.

### **13. Diere jonger as 8 maande**

Geen diere jonger as 8 maande sal toegelaat word of mag geskou word nie.

### **14. Maksimum aantal diere**

Geen beperking word neergelê op die maksimum aantal diere wat 'n vertoner mag inskryf nie.

### **15. Superkoei, Breedplan Manlik, sowel as Breedplan Vroulik mag NIE aan die Kampioenskappe deelneem nie.**

## **BRAHMAN SKOU INSKRYWINGSVORM**

**vir 'n amptelike katalogus** *(Also available in English)*

- Raadpleeg asseblief die "Algemene reëls" en verwys na die Klasse vir Klas nommers.
- Hierdie moet die Brahmankantoor voor of op **28 Julie 2018** bereik d.m.v. 'n epos [kitty@brahman.co.za](mailto:kitty@brahman.co.za) of faks na 051 – 446 3148.





